

Sondag 28 Mei

Skrifgedeelte: Kolossense 2:20 – 3:19; Efesiërs 5:21-32

Fokusgedeelte: Kolossense 3:18-19

In die nuwe lewe in Christus dra man en vrou mekaar in liefde in die huwelik

Ons het saam met Christus gesterwe (2:20), daarom moet ons die aardse dinge soos onsedelikheid, woede en nyd doodmaak (3:5 ev). Ons is saam met Christus uit die dood opgewek (3:1). Ons is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet ons goedgesind, verdraagsaam, nederig, sagmoedig en geduldig wees en mekaar vergewe. Bo alles moet ons mekaar liefhê (3:12 ev). Die nuwe lewe wat die Heilige Gees in ons skep, bepaal die rol van man en vrou in die huwelik: beide moet dieselfde eienskappe toon. Daarom sê Efesiërs 5:21) in die gelyke gedeelte vir man en vrou: Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Uit die 12 verse oor die huweliksverhouding in die sustersbrief aan Efesiërs word slegs die opdrag aan elk hier gegee. Vir die vrou: *Wees aan jou man onderdanig, soos dit pas by mense wat wat in die Here glo / net soos julle aan die Here onderdanig is.* Die deel van die verhouding met Christus wat hier bedoel word, is die *toewyding, liefde, vereenselwiging* met julle gesamentlike liefde en doelstellings. Nie koppig, eiewys jou eie koers inslaan nie. Die kerk as die liggaam van Christus is wesenseen met Hom, die Hoof van die liggaam. Vrou, is jy in 'n hegte eenheid aan jou man verbonde met die prioriteit om hom by te staan soos wat hy homself opoffer om jou te borg en te koester? Kan hy altyd staatmaak op jou toewyding, liefdevolle ondersteuning, dat jy hom sal begelei in alles wat jy/julle die hoof sal moet bied? Onderdanig sê juis nie bediende nie, maar geesgenoot ('n hulp wat by hom pas), *grootste ondersteuner.*

Vir die man net die een opdrag: *Jy moet jou vrou liefhê, moenie die lewe vir haar bitter maak nie / soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.* Die man moet soos Christus vir die kerk, sy lewe vir sy vrou gee. Selfverloëning en opoffering om haar bó eiebelang te stel. Die vraag gaan nie wees: Hou jy jou vrou deeglik onder jou duim? nie, maar: Man, beeld jy Christus af in jou verhouding tot jou vrou? Is jy een met haar in jou liefde – offer jy jouself op? Kan dit gesien word in die leiding wat jy gee, in die begrip waarmee jy haar lei om te ontluik en by jou geborge te wees – hoe sy in haar persoonlikheid groei onder jou koestering?

Sing: Psalm 128-1:2, 4; Skrifberyming 9-4:4, 5, 6; Lied 536:1, 2, 3, 4

Ds. J Malan (Jan) (emeritus)